
SAHARA-AVONTUUR
REEKS
no. 24
Spelonk van
verskrikking
Meiring Fouché

INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Skone Danielle | 3 |
| 2. | Verlore Seun | 12 |
| 3. | Op See | 21 |
| 4. | Skok in die Woestyn | 30 |
| 5. | Ontnugtering | 39 |
| 6. | Boeie van Verraad | 48 |
| 7. | Geheim van die Wadi | 56 |
| 8. | Die Spelonk | 65 |
| 9. | Skat van die Dood | 74 |
| 10. | Vlam en Geweld | 83 |


Hoofstuk 1

# SKONE DANIELLE

Teuns Stegmann, die lang blonde Suid-Afrikaner in die Franse Vreemdelegioen, rek sy liggaam behaaglik uit op die klam sand van die strand naby Algiers. Dit is byna nog net hy wat hier oor is. Sy paar maats, Fritz Mundt, Jack Ritchie, Petacci en die Pool Podolski, wat saam met hom hul verlof hier in die groot stad deurbring, het al laat vat terug hotel toe. Maar hy het hom voorgeneem dat hy nog 'n maal in die koel, prikkelende waters van die Middellandse See gaan swem voordat hy van hierdie strand afskeid neem. Hy het hom voorgeneem om hom nog 'n rukkie te laat streel deur die heerlike seebries voordat hy teruggaan na die hotel. Want vanmiddag is sy laaste middag hier.

Dit is vir die lang man asof hy in die afgelope dae deur 'n ongelooflike droom gesweef het hier in die salwende klimaat van die seekus. Dit was 'n hemelse verandering na die teistering en uitputtende hitte van die Saharawoestyn. Hy en sy paar maats het byna elke oomblik van hul kort vakansie hier by die see soos 'n heuglike oomblik vertroetel, die tyd probeer teëhou sodat dit nie so vinnig kon verbygaan nie. Snags het hulle heerlik in die nagklubs baljaar. Die volgende voormiddag omtrent heel omgeslaap en dan die namiddag op die strand kom deurbring. Dit was hul roetine.

Maar nou is dit verby. Hul uitvlug na die see het tot 'n einde gekom. Net soos alle goeie dinge maar uiteindelik weer beëindig word. Môreoggend bestyg hulle weer die vliegtuig wat hulle sal wegvoer na die pynigende hitte, na die vlieë, die eensaamheid en afsondering en die so baie bekende gesigte van die fort in Dini Salam, diep in die Sahara verlore. Dan sal hierdie heuglike dae aan die seekus vir hulle bloot 'n droom en 'n herinnering wees waaroor hulle dag uit en dag in kan gesels sonder dat hulle die genot daarvan weer kan herower voordat baie teisterende maande verby gegaan

het.

Hier waar hy nou lê, dink Teuns Stegmann aan niks besonders nie. In die afgelope tyd het hy wel dikwels aan sy vermiste broer gedink—sy jonger broer wat in die Tweede Wêreldoorlog vlieënier in die Westelike Woestyn was. Sy broer wat op 'n dag spoorloos met vliegtuig en al verdwyn het. Dit is immers die rede waarom Teuns Stegmann by die Franse Vreemdelegioen aangesluit het. By hom het nog altyd die vae hoop bestaan dat hy in die Legioen die een of ander aanduiding sou kry van wat met sy broer gebeur het. Na al hierdie jare glo hy nog vas dat sy broer nog leef en dat hy iewers deur die Arabiere gevange gehou word. Hy het al die een leidraad na die ander opgevolg maar tot dusver kon hy nog geen spoor van sy broer ontdek nie. Maar op hierdie oomblik is selfs die tergende geheim van sy verdwene broer nie in sy gedagtes nie. Hy wil hierdie laaste oomblikke op die strand geniet sonder om selfs te dink. Hy wil net luister na die ruising van die see en hy wil net ontspan onder die koesterende aanraking van die sagte seebries. Hy wil net alleen wees, volkome aan homself oorgelaat sonder dat hy selfs die stemme van sy maats hoor. Van môre af sal hy weer gedurig in hul geselskap wees en wanneer hulle in Dini Salam terug is, sal hulle maar weer teen dieselfde manne moet vaskyk met dieselfde manne moet omgaan, met dieselfde manne elke kleine roetine deurgaan soos dit dag vir dag die geval is in daardie vesting van die Franse Vreemdelegioen in die suidelike Sahara.

Hoewel Teuns op sy maag lê, met sy kop op sy hande, met sy oë gesluit, word hy meteens bewus van beweging hier by hom. Hy maak sy oë stadig oop en die volgende oomblik oorweldig die werklikheid hom in die vorm van een van die mooiste vroumense wat hy nog ooit in sy lewensdag aanskou het. Sy staan skaars 'n tree hier van hom af. Sy is slank, betreklik lank. Haar liggaam is nagenoeg perfek in die helder geel swempak, haar boesem is vol en lokkend, haar vel olyfbruin en haar lang, welige hare gitswart. Dit reik tot op haar skouers. Maar die pragtigste aan haar is haar oë.





Hulle is effens langwerpig soos amandels en tog het hulle 'n eienaardige bekoring en 'n byna onbeskryflike vorm wat haar heel anders laat lyk as 'n Oosterling. Haar oë is donker, maar nie so donker soos haar hare nie want hulle word deur die sagte glans van violet deurstraal. Hulle is indringend, intelligent en tog so besonder teer. 'n Oomblik weet Teuns nie mooi of hy duiweltjies of engeltjies in daardie pragtige kykers sien skuil nie. Haar liggaam is glansend in die laat lig en 'n oomblik verbeel die Legioenman hom dat sy 'n nimf is wat uit sy droom tevoorskyn getree het. Sy lyk te pragtig om waar te wees.

Hy skud sy kop 'n slag heftig, rek sy oë groter, maar die twyfel by hom of sy werklik is, word die volgende oomblik uitgewis toe sy met 'n tintelende, klankvolle stem praat. 'n Stem waarin die vreugde en opwinding skuil. Die stem van 'n sorgelose kind wat met die hare swaaiend deur die plat branders op die strand hardloop.

,,Ek is so jammer om jou te steur, Monsieur,'' sê sy. ,,Maar die ongeluk is dat ek vreeslik lus is vir rook maar ek het op die oomblik nie 'n vuurhoutjie nie.''

Met 'n elegante beweging trek sy haar op die sand hier by Teuns neer. Hy sleep sy rookgoed nader, sit gou regop, trek vir haar 'n vuurhoutjie en steek haar sigaret op. Toe laat spring sy haar goue sigarethouer oop en bied hom een aan.

,,Rook gerus enetjie saam met my,'' nooi sy. En toe Teuns met vingers wat liggies bewe die sigaret uithaal, bemerk hy dat die sigaret van 'n besonder duur Turkse soort is.

,,Merci,'' sê hy toe hy die eerste rook uitblaas want sy het hom in Frans aangespreek. ,,Hou u hier vakansie of woon u hier?'' vra hy.

,,Nee,'' antwoord die skoonheid, ,,ek is saam met my vader hier. Hy is hier op belangrike besigheid. U is van die Franse Vreemdelegioen, nie waar nie?''

,,Korrek,'' antwoord Teuns en sy blou oë lag in hare. ,,Ek is hier

op verlof. Die enigste sonde is net dat die vry tydjie môre oor is. Môreoggend vroeg vertrek ons terug na Dini Salam.''

,,Hoe interessant,'' roep sy verheug uit. Teuns Stegmann voel die ligte blos op sy ore en op sy nek toe hy die ongeveinsde bewondering in haar oë sien. ,,Die Vreemdelegioen is vir my altyd so romanties,'' sê sy. ,,As ek 'n man was, sou ek seker ook daarby aangesluit het.''

Teuns gee 'n afkeurende laggie. ,,U sal u mening gou verander, Mademoiselle,'' sê die Suid-Afrikaner, ,,wanneer u eers meer ondervinding van die Legioen opgedoen het. Ek kan my nie iets voorstel waaraan daar minder romanse verbonde is as aan die Vreemdelegioen nie.''

,,Moet my asseblief nie ontnugter nie,'' sê sy met 'n tintelende laggie wat plooitjies langs haar neus bring. ,,Ek wil die Legioen graag onthou soos ek dit vir myself van kleins af voorgestel het.''

,,Nou goed,'' antwoord Teuns, ,,aangesien u my so 'n smaaklike sigaret aangebied het, en aangesien u my vereer met u skone teenwoordigheid, sal ek u nie ontnugter oor die Vreemdelegioen nie.''

,,Noem my asseblief Danielle,'' sê sy met 'n innige intimiteit. ,,Ek dink nie ons hoef so formeel te wees nie.''

,,Dankie vir die vergunning,'' antwoord Teuns sjarmant. ,,In daardie geval sal ek bly wees as u my Teuns wil noem.''

,,Teuns?'' Sy spreek die naam totaal verkeerd uit. Want die Afrikaanse klank daarvan sit haar skoon in die kooi.

,,Ek is 'n Suid-Afrikaner.''

,,'n Suid-Afrikaner? Hoe besonder interessant! En u is in die Vreemdelegioen?''

,,Ek is in die Vreemdelegioen,'' antwoord hy asof dit nodig is om dit te sê.

,,Is u al lank in die Legioen?''

,,Ek is al jare in die Legioen. . ''

,,Dan is u 'n veteraan?'' Sy leun nader aan hom. Die sagte geur





van haar hare prikkel hom en die opregte belangstelling in haar oë streel hom.

,,U kan my 'n veteraan noem.''

,,Dan, neem ek aan, ken u die Sahara goed?''

,,Daardie bepaalde deel van die Sahara waar ek gestasioneer is, ken ek soos die palm van my hand,'' antwoord hy sonder enige trots of aanmatiging in sy stem. ,,Jy móét die Sahara ken,'' sê Teuns, ,,of anders vernietig hy jou. Jy moet hom ken tot in die fynste besonderhede anders word jy sy slagoffer. Die Sahara laat nie toe dat jy met hom risiko's loop of dat jy hom vir die gek hou of dat jy hom ligtelik opneem nie.''

Hy merk die eienaardige glans in haar oë. Die glans van iets meer as belangstelling. Iets soos heftige konsentrasie, iets soos dankbaarheid.

Danielle sug. ,,Ek het nooit kon droom,'' sê sy ,,dat ek eendag 'n lid van die Vreemdelegioen in lewende lywe sou ontmoet nie. En tog. . . nou het ek u ontmoet.''

,,Net jammer,'' sê Teuns, ,,dat ons mekaar so laat ontmoet het. Môre moet ek al weer weg.''

,,Ja,'' sê Danielle, ,,dit is verskriklik jammer. Ek sou so graag my ledige ure saam met u wou deurgebring het as u dit nie as opdringerig sou beskou nie.''

Haar ingetoënheid verras hom. Haar fyn maniere vul hom met bewondering en haar prikkelende skoonheid laat hom weer besef dat hy 'n man is.

Sy tyd is kort en daarom kan hy dit nie bekostig om hierdie gulde geleentheid te laat verbygaan nie. Sy stem is 'n bietjie hees toe hy sê: ,,Ek hoop nie u sal meen dat dit voorbarig van my kant is nie, maar voel u nie lus vir die nagklub vanaand nie?''

,,Ek het gesê my naam is Danielle,'' betig sy hom goedig. ,,Waarom so formeel?'' Daar is 'n fronsie tussen haar pragtige oë. Sy skud haar hare en 'n oomblik kry Teuns die byna onweerstaanbare begeerte om haar net daar op die plek vas te gryp en haar

te soen totdat sy byna asemloos in sy arms lê. Daar is 'n prikkeling deur sy liggaam by die vooruitsig dat hy minstens 'n paar uur in die teenwoordigheid van hierdie skone dier sal kan deurbring.

,,Ek het 'n beter plan,'' sê Danielle. ,,Wil jy nie saam met my na my hotel gaan nie? Dit is die Hotel Foch.''

Die weelderigste plek in Algiers, dink Teuns vinnig.

,,. . . Dan gaan ek jou aan my vader voorstel, jy kom saam met ons eet en daarna gaan ons 'n bietjie dans. Hulle het elke aand 'n bal in die Hotel Foch. Hoe klink dit? Om heeltemal eerlik te wees,'' sê sy sag en vertroulik terwyl sy weer na hom toe oorleun, ,,ek is nie 'n baie groot liefhebber van nagklubs nie. Te bedompig, te saamgedruk en daar is te veel mense wat hulle met die drank te buite gaan.''

,,U is besonder vriendelik,' sê Teuns.

,,Dit sal 'n genot wees,'' antwoord Danielle. ,,En moet asseblief nie weer vir my ,u' sê nie.''

,,Ek sal probeer onthou.''

,,Nou goed,'' sê Danielle, ,,in daardie geval sal ons twee moet gaan klaar maak.'' Sy staan op en skud die klam sand van haar swempak af. ,,Ek sal oor 'n uur vir jou wag.''

,,Ek sal oor 'n uur daar wees,'' antwoord Teuns en tot sy verbasing voel hy kortasem. ,,Ek gaan gou nog net een maal induik en dan sal ek gaan klaarmaak.''

,,Terloops,'' sê Danielle, ,,jy het my nog nie jou van gesê nie.''

,,Stegmann. . . Teuns Stegmann—dit is die naam.''

,,Danielle Aubert.''

,,Aangename kennis,'' sê Teuns en maak 'n ligte buiginkie.

,,Tot oor 'n uur dan?''

,,Ek is oor 'n uur daar,'' sê Teuns.

,,Au revoir. . .'' Daarmee trippel sy oor die sand weg en Teuns staan haar lank en agterna staar voordat hy so ver kom om die branders binne te hardloop en hom vir laas in die koel see te slinger.





Opgewonde soos 'n seun wat sy eerste nooi gaan uitneem, haas Teuns hom terug na die doodgewone hotel waar hy en die ander tuisgaan. Onder baie geterg en gekorswil vertel hy hulle wat gebeur het. Al wat hy hulle sê, is dat hy saam met 'n beeldskone aster gaan eet en dans. Maar omdat hy hulle ken, sê hy nie wie sy is of waar hulle gaan dans nie. Hy weet goed genoeg dat hulle kapabel is om hom na die Hotel Foch te volg en later in die aand, wanneer die sjampanje en die konjak hulle vrolik gemaak het, daarop aan te dring dat hulle sy vreugde deel.

Teuns trek sy ekstra uniform aan wat hy spesiaal laat skoonmaak borsel sy blonde hare netjies, sit sy kepi op en toe neem hy soos 'n generaal van hulle afskeid. Salueer ewe, en buig.

,,Tot siens, Casanova,'' sê Jack Ritchie. ,,Sorg net dat jy nie laat is vir die vliegtuig môre nie,'' werp Fritz Mundt in.

,,Bring vir ons 'n lok van haar hare,'' terg Petacci.

,,Hou die eer van die Legioen in stand,'' is Podolski se raad.

Toe Teuns die voorportaal van die weelderige hotel Foch binnestap, wag sy daar vir hom. Haar lang hare is glansend soos sy. Haar oë is helder en vrolik en haar soepele liggaam is 'n droom in die nousluitende sagrooi aandtabberd. Sy haak dadelik by hom in en haar parfuum is vir hom 'n hemelse ervaring. Sy lei hom die trap op en neem hom 'n weelderige suite binne. Teuns bevind hom meteens in 'n groot, netjies gemeubileerde kamer. Uit een van die outydse, vergulde stoele kom meteens 'n korterige, indrukwekkende man met grys hare orent.

,,Vader,'' sê Danielle, ,,hierdie is legionnaire Stegmann. En, Legionnaire, hierdie is my vader, kol. Philippe Aubert.''

Teuns loop vorentoe en groet die man wat soos 'n oorblyfsel uit die vergange dae van die adelstand lyk, met die hand.

,,Dit is 'n eer om u te ken, Kolonel,'' sê Teuns.

,,Ek is bly dat ek jou kan ontmoet, mon ami,'' antwoord kol. Philippe Aubert. ,,Ek is dankbaar dat jy ons kom vereer met jou teenwoordigheid.'' Hy beduie vir Teuns om te sit. Hy self gaan ook

sit en Danielle kom verneem wat Teuns sal drink. Hy bestel 'n duur konjak, haar vader wil net 'n aperitief drink en sy kry vir haar 'n martini.

Hulle raak aan gesels en dit tref Teuns dadelik dat sowel vader as dogter hom uitvoerig uitvra oor die Sahara. Dit word later byna soos 'n kruisverhoor. Hy antwoord al hul vrae korrek en tot in die fynste besonderhede. So gaan dit voort terwyl hulle hul drankies drink. So hou dit aan toe hulle gaan eet. Die maaltyd is duur en heerlik.

Net langs die eetkamer is die elegante danssaal. Kol. Philippe Aubert gee te kenne dat hulle 'n bietjie moet gaan dans terwyl hy 'n sigaar rook.

Teuns is maar te dankbaar om hierdie skone klein vreemdeling in sy arms te kry. Hy beweeg gretig met haar oor die dansvloer. Eintlik is sy nie soos 'n vreemdeling nie. Sy is soos 'n ou bekende wat aan hom behoort. Haar wang leun teen sy bors en met die grootste vrymoedigheid raak hy die geurige syagtigheid van haar hare met sy lippe aan. Sy nestel intiem teen hom aan terwyl hy met haar op die maat van 'n outydse wals beweeg, is dit vir hom asof hierdie oomblik te goed is om waar te wees.

Na 'n rukkie beweeg hulle op haar versoek uit op die balkon en dit is daar waar Teuns Stegmann haar teen hom vasdruk met sy lippe warm soekend, gedryf deur 'n lang hunkering, driftig op haar oop mond afbring. Met 'n bewende ekstase gee sy haar oor aan sy liefkosing en toe hulle na 'n hele ruk terugkeer na die dansvloer, voel dit vir die lang man asof hy op lug beweeg. Daar is nou 'n tussenpose. Sy lei hom deur na die stoep waar haar vader wag.

Hulle drink likeurs en toe kondig die ou man aan dat hy na die suite terugkeer.

,,Maar moenie gaan voordat jy my nie kom naand sê het nie, Legionnaire,'' sê kol. Philippe Aubert.

,,Alte seker nie, Kolonel,'' antwoord Teuns, ,,ek sal u bepaald kom naand sê.''





Met 'n veelbetekende knik draai kol. Philippe Aubert weg en laat hulle alleen. Danielle staan hier vas teen Teuns aan en daar gaan 'n siddering van tevredenheid en vooruitsig deur sy sterk liggaam.

Hulle bring nog 'n uur op die dansvloer en op die balkon deur toe Danielle sê dat dit vir hulle tyd geword het om haar vader te gaan nag sê. Sy neem vir Teuns terug na die suite.

Philippe Aubert sit daar in sy kamerjapon van duur satyn met 'n draakmotief op die rug.

,,Aha, Legionnaire,'' sê hy vriendelik, ,,. . . hallo Danielle. Kom drink nog 'n glasie saam met my.''

Teuns kom sit hier by hom terwyl Philippe Aubert drankies uitskink uit 'n bottel op die tafel.

Hulle het net glasies geklink toe Kol. Philippe Aubert vir Teuns aanspreek.

,,Legionnaire,'' sê hy en nou is daar 'n harde glans in sy oë, ,,jy moet my verskoon oor die metodes wat ek gaan gebruik. Maar ek is bevrees in 'n sin is jy my gevangene.''

Teuns ruk die glas vinnig voor sy mond weg.

,,U gevangene?''

,,Dit is korrek, Legionnaire, jy is my gevangene,'' sê Philippe Aubert.

## VERLORE SEUN

Asof 'n veer in hom losskiet, spring Teuns Stegmann orent daar in die luukse-suite van kol. Philippe Aubert. Hy kyk eers na Danielle maar haar gesig is heeltemal uitdrukkingloos. Haar oë lyk asof hulle meteens sonder glans is. Toe kyk hy na die kolonel. Op dié se gelaat gewaar hy 'n byna duiwelse vasbeslotenheid.

,,Wat praat jy nou, kolonel?'' vra Teuns. ,,Ek het my verbeel ek is jou en jou dogter se gas. Nou moet ek hoor dat ek jou gevangene is. Ek sal dit waardeer as jy vir my sê presies wat gaande is, Kolonel!''

,,Sit gerus, Legionnaire,'' sê Philippe Aubert en maak 'n gebaartjie met sy hand.

,,Ek verkies om regop te staan, dankie,'' antwoord Teuns.

,,Miskien het ek my verkeerd uitgespreek, Legionnaire,'' sê die kolonel. ,,Miskien moes ek gesê het dat jy 'n tyd lank my gedwonge gas gaan wees. Ek hou nie van die woord gevangene nie. Dit laat my altyd dink aan die gevangenis. Dit is eintlik nie wat dit beteken nie. Al wat dit beteken, is dat ek verplig is om 'n tyd lank noodgedwonge van jou dienste gebruik te maak.''

,,Van my dienste gebruik te maak? Dit lyk my jy is onder 'n verkeerde indruk, Kolonel. Ek is 'n soldaat van die Franse Vreemdelegioen. Omdat jy self 'n Fransman is, behoort jy te besef wat dit beteken. Daar is net een persoon wat op my dienste kan aanspraak maak, en dit is kol. Le Clerq, bevelvoerende offisier van die Legioenvesting Dini Salam. Ek is hier op verlof maar môreoggend sonop vertrek ek saam met my maats terug na Dini Salam.''

Philippe Aubert leun terug in die stoel maar aan sy hele houding is daar 'n onverslapte waaksaamheid.

,,Ek is bevrees, Legionnaire,'' sê hy kalm, ,,jy misgis jou. Jy sal nie môreoggend op daardie vliegtuig wees nie.''





Teuns trap hard en swaai om die tafel tussen hulle. Maar vinnig soos blits het kol. Aubert 'n klein rewolwer uit die sak van sy kamerjapon gerig. Hy rig dit kalm en bewegingloos op Teuns.

,,Moet dit asseblief nie vir my moeilik maak nie, Legionnaire,'' sê hy pleitend. ,,Ek wens jy wil glo dat ek nie jou vyand is nie. As jy opstandig raak, kan jy vir jouself die wêreld net moeilik maak. Gaan asseblief sit en luister na my hele verhaal dan sal ons geen onaangenaamheid hê nie. En ek wil jou net waarsku dat hierdie rewolwer gelaai is. Ek is 'n bejaarde man en ek is die enigste sorg van my dogter Danielle. Ek sal nie toelaat dat enige geweld my aangedoen word nie.''

Totaal verwese en verbysterd sak Teuns op die leuning van 'n stoel af. Gaan daar sit en staar na Philippe Aubert. Dit is asof die man se grys hoof en sy adellike gesig meteens voor die Legioenman swem. Toe kyk hy met vurige beskuldiging na Danielle maar sy draai haar oë skielik weg soos 'n skuldige wat weet dat sy oortree het, wat weet dat sy die vertroue van 'n man misbruik het.

,,Miskien, Legionnaire,'' sê Aubert, ,,sal jy beter verstaan as ek aan jou my verhaal vertel. As ek jou sê met watter doel ek tydelik op jou dienste beslag lê.''

,,Praat, Kolonel,'' sê Teuns uitdagend, ,,en praat gou. Jou geselskap die geselskap van jou dogter staan my nie juis meer aan nie.''

,,Dit is jammer,'' sê Philippe Aubert. ,,Maar vir die volgende paar weke sal jy verplig wees om ons geselskap te verduur. Maar laat ek aan jou vertel wat belangrik is. Ek sal voor begin. Jy sien, Legionnaire, in die afgelope wêreldoorlog het my seun, kapt. Felix Aubert, by die Britse magte in die Westelike Woestyn geveg. Hy was 'n bomwerperloods. Hy was 'n dapper man, Legionnaire. Ons was trots op hom omdat hy vir die uiteindelike bevryding van Frankryk geveg het. Hy was my enigste seun—my oorlede vrou en ek het net twee kinders gehad, Felix en Danielle.